

14 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 8:1-9:14

Fokusgedeelte: Numeri 8:1-4

Waarom 'n brandende goue kandelaar in die tabernakel?

In Eksodus 25:31-40 word die maak van die goue kandelaar volledig beskrywe. Hier word die kern net weer saamgevat en word die plig Aäron opgelê om te sorg dat die sewe lampies van die kandelaar voortdurend in die allerheiligste brand. Die lig van die lampies moet in dieselfde rigting skyn, naamlik na die opening van die heilige. Van binne uit moet lig na buite straal.

Waarom gaan dit? Wat woorde nie sê nie, beeld simboliek uit.

Die priesters het die groot taak gehad om vir die volk by God in te tree deur middel van die offerbediening. Ook was hulle aan die Here gewy, aan Hom afgestaan – in die plek van die eersgeborenes. Die priesters se totale wyding aan God was simbool daarvan dat die hele volk in werklikheid 'n priestervolk moet wees.

Maar die priesters het nog 'n baie groot en wonderlike taak gehad en dit was om die volk in die verbond te onderrig (Deut 27:14, 33:10, 2; Kron 15:10, e.a.). Die goue kandelaar wat dag en nag sy lig in die rigting van die volk moes laat skyn, het die priesters aan hierdie groot taak herinner.

Ons is vandag in Christus almal priesters en as sodanig het ons die voorreg en taak om onself aan die Here te offer en met ons leer en lewe die verbond van God bekend te maak.

Sing: Psalm 105:4

Dr NP Heystek (Wapadrant)